

Maandag

Mat. 16: 24 – 26; Rom. 6: 3 – 8, 11; 2 Kor. 5: 1 – 5. Teks: Rom. 6: 3. Tema: "Ons kinders kan hulself verloën omdat hulle in Christus ingedoop is." Met die water van die doop verseël die Here self dat Hy ons kinders in Homself ingedoop het, soos Paulus dit in Romeine 6:3 verkondig. Christus doop babas van gelowige ouers in Homself in sodat hulle van die begin van hulle lewe af 'n nuwe lewe leef. Hierdie nuwe lewe wat hulle leef noem die Here self "selfverloëning." Paulus beskryf hierdie nuwe gehoorsaamheid wat die Here selfverloëning noem in Rom. 6: 11 só: "So moet julle dan julleself beskou as dood vir sonde, maar in Christus Jesus lewend vir God." Daarom moet ouers hulle kinders van kleinsaf só sien, só saam lewe, só groot maak en leer: om hulself te sien as ingedoop in Jesus Christus en om hulself daarom te moet verloën. Kinders moet van kleinsaf só kan groot word: "Ek beskou myself as dood vir sonde en lewend vir God omdat ek ingedoop is in Christus Jesus." Christus het ons babas ingedoop in Homself, ingedoop in Hom en sy kruisiging, sy dood, sy begrafnis en sy opstanding! Dit is net soos klere-was! Wat doen ons met vuil klere? Ons vat eers water en gooi waspoeier in die water. Wanneer ons waspoeier by water gegooi het, dan is dit nie meer net gewone water nie. Nou is dit wasgoedwater! Dan vat ons ons vuil klere en gooi dit binne in die wasgoedwater. Maar ons kan dit nie net sommer net bo-op die water gooi nie. Ons moet die vuil klere binne in die water in doop. Indoop beteken die wasgoedwater moet die klere deurtrek en deel wees van die vuil klere. Wanneer die klere in die wasgoedwater ingedoop is, dan haal die wasgoedwater al die vuilgoed uit die klere. Die klere word skoon omdat die vuil in die klere deel van die wasgoedwater word en nou gebeur die wonderlikste ding: die klere is skoon en die wasgoedwater is vuil. Christus is as mens nie net skoon water nie. Hy is skoon water waarby Hy die seep van sy lyding, kruisiging, sterwe, begrafnis en opstanding bygesit het om vir ons skoon wasgoedwater te wees. Preek beskikbaar op ngkerklewubu.co.za Ds. Petrus.

Dinsdag

Mat. 16: 24 – 26; Rom. 6: 3 – 8, 11; 2 Kor. 5: 1 – 5. Teks: Rom. 6:3. Tema: "Ons kinders kan hulself verloën omdat hulle in Christus ingedoop is." Ons kinders is ingedoop in Christus Jesus! Jesus Christus is en was nog altyd in Homself 'n skoon mens sonder enige sonde gewees. Daarom stel Paulus in Rom. 6: 10 "die lewe wat Hy leef, leef Hy vir God." Jesus het as mens op aarde sy lewe vir God só geleef dat dit 'n skoon lewe is. Jesus het ook uit die dood uit opgestaan en leef vandag nog steeds net soos ons sy lewe as mens van vleis en bloed vir God in die hemel. En dit is vandag nog steeds 'n skoon en regte lewe. Jesus is daarom vandag net soos skoon water: 'n mens soos ons van vleis en bloed, sonder sonde wat vir God reg leef! Maar Jesus is nie sommer net skoon water nie. Hy het iets by sy lewe bygevoeg wat Hom heeltemal iets anders as net skoon water maak. Hy is volgens Romeine 6 gekruisig, het gesterf en is begrawe en het toe uit die dood uit opgestaan. By sy skoon lewe het Hy sy kruisiging, dood, begrafnis en opstanding, bygesit. Daarmee het die Here sy skoon lewe iets anders gemaak as sommer net 'n mooi en skoon lewe – Hy het dit skoon wasgoedwater (om ons beeld weer te

gebruik) gemaak wat ons nou skoon maak van óns sonde. Wanneer Christus ons in Hom indoop gebeur met ons en ons kinders wat Paulus wys in 2 Kor. 5: 21: "Hy wat nie sonde geken het nie, Hom het God ter wille van ons sonde gemaak, sodat ons in hom voor God regverdig kon word." God maak ONS en ons kinders se VUILHEID Christus se vuilheid en CHRISTUS se SKOON-WEES ons en ons kinders se skoonwees. Dit is mos presies wat skoon wasgoedwater met vuil klere doen: die skoon wasgoedwater kry die klere se vuilheid en die klere kry die wasgoedwater se skoonheid. Só is ons kinders van kleinsaf altyd vir God heilig, sonder smet en onberispelik want Hy is hulle wasgoedwater van geboorte af. Preek beskikbaar op Google by ngkerklewubu.co.za Ds. Petrus

Woensdag

Mat. 16: 24 – 26; Rom. 6: 3 – 8, 11; 2 Kor. 5: 1 – 5. Teks: Rom. 6: 3. Tema: "Ons kinders kan hulself verloën omdat hulle in Christus ingedoop is." Die water waarmee ons babas doop wys dat Jesus sy wasgoedwater is. Ons doop hulle met gewone water. Ons het glad nie enige seepoeier by die doopwater bygegooi nie. Ons doop nie kinders met wasgoedwater nie. Die gewone skoon water waarmee ons babas doop is net 'n teken (maar as teken is dit 'n waaragtige en betroubare teken) wat wys hulle gaan vir altyd vir die Here skoon en reg wees. Doopwater wys dat Jesus self en nie die doopwater nie babas se wasgoedwater is. Doopwater maak babas nie skoon en reg nie. Jesus maak hulle skoon en reg. Babas word nie in doopwater ingedoop, hulle word net met die water gedoop. Hy word in Jesus wat 'n mens is, ingelyf. Daarom stel Paulus: "As ons inderdaad ingelyf is in 'n dood soortgelyk aan syne, sal ons ook ingelyf wees in 'n opstanding soortgelyk aan syne." Rom. 6: 5. Hierdie skoon water wys net dat die Here self ons babas se wasgoedwater is wat hulle altyd sal skoon maak, skoon hou, reg maak en reg hou vir God en sy liefde. Daarom sal ons babas, al doen hy/sy sondes, nooit die Here se vuil of verkeerde kinders kan wees nie. Christus sal altyd sorg dat hulle vir God sonder enige sonde-vuilheid is en altyd vir God skoon en reg is. Daarom sal ons babas altyd vir God kan leef as God se skoon en regte kinders - al maak hulle hulself aanhoudend met sondes vuil en doen hulle verkeerde dinge. Jesus is vir altyd hulle wasgoedwater wat hulle vuilheid wegvat en hulle reg maak – want in Jesus se skoon lewe is Jesus se kruisiging, dood en graf die wasgoedwater waarmee Hy ons babas van kleinsaf altyd sal skoon en reg maak. HULLE VUILHEID is sy vuilheid en SY SKOON-WEES is hulle skoonwees. Preek beskikbaar op Google by ngkerklewubu.co.za

Donderdag

Mat. 16: 24 – 26; Rom. 6: 3 – 8, 11; 2 Kor. 5: 1 – 5. Teks Rom. 6: 3. Tema: "Ons kinders kan hulself verloën omdat hulle in Christus ingedoop is." Ons vra gelowige ouers wie se babas ons doop dat hulle moet glo dat alhoewel hul kindjie in sonde ontvang en gebore is, en hy/sy daarom eintlik te vuil en verkeerd is om God se skoon kind te wees, hulle glo dat hul kindjie in Christus heilig is. Ons vra hulle of hulle glo Jesus is hul kindjie se wasgoedwater wat hom/haar nou al skoonwas en reg maak en dit hulle hele lewe lank vir hulle sal doen. Baie ouers maak hulle kinders vir

die Here verkeerd groot! Baie ouers wil nie glo nie Jesus is hul kinders se wasgoedwater waarin hulle ingedoop is nie. Daarom probeer hulle hul kinders op hulle eie manier skoonmaak en skoon hou met 'n nuwe soort vergifnis wat nie Jesus se vergifnis is nie. Ouers, oupas en oumans se vergifnis vir kleintjies werk dikwels só: wanneer kleintjies selfsugtig is, hulle eie willetjie met geweld afskree op ouers en boeties en sussies, nie luister as hulle sê: "moenie vat nie" of "moenie klim nie, dan sê ouers hulle is nog klein, hierdie sondes is nie regte sondes nie, dis sommer kostelike en oulike kleintjie-streke. En... dis nie iets om hom/haar oor te slaan en te raas nie. Hiërdie manier van vergifnis is om alles wat hulle verkeerd doen, oor te sien met verskonings omdat hy nog só klein en oulik is. Ouers mag dit nooit met hul kleintjies doen nie, want dan glo hulle nie hul kleintjies is nou binne in Jesus ingedoop om hulle nou al van elke verkeerde dinge wat hulle doen, skoon te was en reg te maak nie. Sodoende glo ouers / grootouers nie Jesus is hul kinders se wasgoedwater nie omdat hulle nie die kleintjies se vuilheid wil of kan raaksien omdat hulle so klein is nie. Erger: dan maak hulle hierdie nuwe storie oor Jesus vir hul kinders op: hulle móét mooi skoon water wees soos Jesus mooi skoon water is. Hulle leer hul kinders van 'n Jesus wat nie wasgoedwater is nie, maar net mooi skoon water is. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Vrydag

Mat. 16: 24 – 26; Rom. 6: 3 – 8, 11; 2 Kor. 5: 1 – 5. Teks Rom. 6: 3. Tema: "Ons kinders kan hulself verloën omdat hulle in Christus ingedoop is." Ons moenie ons kinders se kleinwees gebruik as verskoning vir hul sondes nie. Ouers kan hulle kinders se sondes verloën omdat hulle in Christus ingedoop is. Só maak die Here Jesus self dat ouers kinders anders beskou. Volgens Rom. 6:11 moet ouers hulle kinders beskou as DOOD vir die sondes wat hulle sien hy/sy doen en moet hulle hul kinders sien as kinders wat vir God LEWE omdat hulle ingedoop is in Jesus Christus! Hoekom? Want Jesus is nou hulle sonde en hulle is Jesus se geregtigheid. (2 Kor. 5: 21) Ouers moet raaksien hoe skoon Jesus hulle kinders maak. Hulle moet hulle met hierdie soort selfverloëning raaksien en hulle leer om hulself só te verloën: my sondes is nie myne nie maar Christus s'n en ek is nie verkeerd en vuil nie want ek is Christus se regwees en skoonwees. Ouers self moet hul kinders so sien én hulle kinders leer om hulle self so te sien:

"Ek is ingedoop in Jesus wat my wasgoedwater is, daarom is al my vuilheid en verkeerdheid Syne, nes wasgoedwater klere se vuilheid deel van die water maak." Hiërdie soort Christelike selfverloëning maak dat kinders se ouers altyd kan sien wat hulle verkeerd doen, sonder dat hulle ooit hoef te glo of te aanvaar hulle is vir God vuil en verkeerd. Ouers moet hul kinders sien soos Paulus ons wys hoe om hulle te sien: ingedoop in Christus! Hulle moet altyd hul kinders beskou as dood vir sonde" (Rom. 6: 11). Hulle moet altyd hul kinders beskou as kinders wat vir God reg en skoon leef (Rom. 6: 11) omdat hulle in Christus ingedoop is! Dit is hoe ouers hul klein kinders in selfverloëning moet beskou: jóú vuilheid en verkeerdheid het Jesus sýne gemaak en jy is áltyd vir God en ons skoon, en reg en goed gemaak deur Jesus. Ons doop kinders sodat ouers hul sondes kan verloën en hul kinders ook kan

leer om hul sondes te verloën. Ouers moet nie hul kinders leer om hul sondes oor te sien en te verskoon omdat hulle self hul kinders sonder sondes maak nie. Dit is om die evangelie oor en vir gelowiges se kinders te verduister. Preek beskikbaar op Google by ngkerkevubu.co.za Ds. Petrus